# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (1/11)*

*Justin Chadwick (14 Januarie 2011)*

GESEGDE VAN DIE WEEK "*Fortune can, for her pleasure, fools advance, And toss them on the wheels of Chance" Juvenal*

## ALLES VAN DIE BESTE VIR 2011

**Wense vir 'n gesonde, geseënde en vredevolle 2011!!!**

Ek is bevrees dat ons in 2011 ons wedstrydplan "A" gereed sal moet hê – dit beloof om 'n uitdagende jaar te wees. Vroeë aanduidings is dat daar goeie Valencia en pomelo oeste gaan wees, die verwagte uitvoere vanaf die nawelstreke is egter swakker: wat dus beteken - 'n totale volume soortgelyk as in 2010 wat vir die markte beskikbaar sal wees, wat beloof om goed voorsien te word. Die Noordelike Halfrond se produksie het herstel (veral met betrekking tot suurlemoene en sagte sitrus) en die Suidelike Halfrond se produksie is besig om te herstel (die produksie van suurlemoene in Argentinië moes weer herstel nadat die laaste oeste deur ryp geaffekteer is). Geleerdes voorsien dat die rand sterk sal bly en daar is aanduidings dat insetkostes aan die styg is - Mitchell Brooke het 'n utstekende verslag saamgestel deur na hierdie tendense te kyk [Produksie en Logistieke Koste – Analise van Tendens – 4de kwartaal 2010 op www.cga.co.za] – veral sal stygende oliepryse en die regering se goedgekeurde elektrisiteitsverhoging 'n negatiewe impak op produksiekoste hê. Hierdie realiteite sal in die beplanning van 2011 se uitvoere ingereken moet word.

## FRUIT LOGISTICA

'n Lokaal is aan CGA by die Suid-Afrikaanse stalletjie by die Fruit Logistica toegeken. Daar is nog tye beskikbaar sou 'n uitvoerder dit benodig om vergaderings te reël. Beskikbare tye is 12:00-13:00 Woensdag 9de; 14:00-15:00 Donderdag 10de en 13:00-14:00, 14:00-15:00 en 16:00-17:00 Vrydag 11de – kontak asseblief vir Gloria (gloria@cga.co.za) vir 'n bespreking.

## PRODUSENTE ROADSHOWS EN ANDER VERGADERINGS

Ons is besig om datums en plekke vir die produsente road shows vas te maak; dit lyk asof my groep in Fort Beaufort (Eastern Cape Midlands) 09:00 op 22/2; Addo (Sondagsrivier) 09:00 op 23/2 en Patensie 09:00 op 24/2 gaan wees. Ons beplan dan vir Nkwalini om 10:00 op 28/2; Pongola 09:00 op 1/3; Swaziland om 14:00 op 1/3; Onderberg om 14:00 op 2/3 en Nelspruit om 10:00 op 3/3. Hierdie datums en tye moet nog bevestig word.

Paul is ook nog besig om sy planne te finaliseer – maar voorlopig is dit Vaalharts op 15/2 om 14:00; Oranjerivier (Kakamas) op 16/2 om 15:00; Wes-Kaap (Citrusdal) 17/2 om 14:30 en Boland 19/2 om 10:00. Daarna Zimbabwe 21/2 om 14:00; Limpoporivier 22/2 om 09:00; Letsitele 23/2 om 09:00, Hoedspruit 24/2 om 09:00 en Senwes (Groblersdal) 25/2 om 09:00.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HIERDIE DATUMS NOG GEFINALISEER MOET WORD.

**CGA RAAD** 22 Maart 2011
**Variëteitsfokusgroepe** 23 Maart 2011.
**Citrus Growers' Development Chamber** 23 Maart 2011
**Sitrusbemarkingsforum** 24 Maart 2011

## OORSIG - 2010

Ek is besig om oor die "uitskieters" van 2010 te skryf – basies die dinge wat 2010 laat uitstaan het (goed of sleg!!). 'n Oorsig van die Wisselkoers is gedoen (nou beskikbaar op www.cga.co.za). Ek beplan ook 'n oorsig van Rusland, pomelo-veldtogte en vrugvolumes. Watter ander items beskou jy as "uitskieters" van 2010? Laat my asseblief weet.

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS.**
**VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**